Mnr. en Mej. Vissie 2009

Op 7 Maart 2009, by ons wonderlike Kameelkarnaval, het ons eie Mnr. en Mej. Vissie hulle kans in die 'spotlight' gekry om te wys wat hulle kan doen. Die tema was Cowboy/Country en daar was regtig vele verskeidenheid; van 'n tou tot 'n sweep, 'n glimlag hier tot 'n heupie swaai daar. Almal het pragtig gelyk, maar daar kon ongelukkig net een wenner in elke afdeling wees. Ons Mej. Vissie jnr. 2009 is Megan Arndt, die eerste prinses Ester Booysen en die tweede prinses is Marissa Joubert. Mnr. Vissie jnr. is Gerhard Booysen, ons eerste prins is Nantus Mouton en die tweede prins is Wihan Coetzee. Die Mej. Vissie snr. 2009 is Marina Joubert, die eerste prinses is Christine de Bruin en die tweede prinses is Abigail Pienaar. Die Mnr. Vissie snr. 2009 is Pieter Breytenbach; die eerste prins is John-Martin Goetsch en die tweede prins is Johan Booysen. Baie dankie aan juffrou Marthie, die organiseerder en al die borge vir die ongelooflike pryse, wat hierdie dag moontlik gemaak het. Maar ...skuil daar dalk in een van julle 'n verborge talent? Is jy dalk die volgende Mnr. of Mej. Vissie? Volg net die pyltjies en vind uit!

Marina Joubert

Het jy selfvertroue as jy loop?

NEE → **Het jy selfvertroue wanneer jou vriende by jou is?**

JA → **Is jy skaam?**

JA ↓ **Probeer jy om anders te wees, sodat mense sien jy staan uit?**

NEE ↓ **Jy staan net uit as jy moet uitstaan**

NEE ↓ JA → **Waag jy dit om anders te wees?**

JA ↓ **Trek jy aan soos al die ander, of het jy die "guts" om anders te wees?**

NEE → **Waag jy dit net om anders te wees as jy in 'n vreemde plek is waar niemand jou ken nie?**

JA → **Hou jy altyd by die nuutste modegiere?**

JA ↓ **Wie is jy? Jy het sterkwaliteit en is nie bang om anders te wees nie**

NEE ↓ PARTYKEER → **Wie is jy? Jy kan 'n ster wees, maar jy bekommer jou te veel oor wat ander van jou dink**

NEE ↓ JA → **Wie is jy? Jy is skaam en dit is vir jou belangrik om in te pas**